STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

PRYS 40c PRICE
Plus AVB/GST

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer BUITELANDS 50c ABROAD POSVRY • POST FREE *Registered at the Post Office as a Newspaper*

Vol. 230 PRETORIA, 31 AUGUSTUS AUGUST 1984 No. 9408

PROKLAMASIES
van die
Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. 148, 1984

KANGWANE.—VERKLARING TOT SELF-REGERENDE GEBIED

Nademaal dit dienstig geag word dat die gebied waarvoor die KaNgwane- Wetgewende Vergadering by Proklamasie R. 214 van 16 September 1977 ingestel is, onder die naam KaNgwane 'n selfregerende gebied binne die Republiek moet wees ooreenkomstig die bepalings van die Grondwet van die Nasionale State, 1971 (Wet 21 van 1971);

En nademaal genoemde KaNgwane- Wetgewende Vergadering behoorlik geraadpleeg is deur die Minister van Samewerking en Ontwikkeling soos bepaal by artikel 26 (1) van genoemde Wet;

En nademaal dit dienstig geag word om SiSwati as 'n addisionele amptelike taal van die gebied vir sekere doeleindes te erken;

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 26 van die Grondwet van die Nasionale State, 1971 (Wet 21 van 1971), en artikel 108 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet 32 van 1961), hierby soos volg verklaar:

KANGWANE WORD 'N SELFREGERENDE GEBIED

1. Die gebied beskryf in Bylae I van Proklamasie R. 214 van 1977 is met ingang van 31 Augustus 1984 onder die naam KaNgwane 'n selfregerende gebied binne die Republiek van Suid-Afrika in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet van die Nasionale State, 1971 (Wet 21 van 1971).

ADDISIONELE AMPTELIKE TAAL

2. Die SiSwati-taal word erken—

(a) as addisionele amptelike taal van KaNgwane; en

(b) vir gebruik in KaNgwane vir die amptelike doeleindes wat by Proklamasie R. 214 van 1977 voorgeskryf word en kan buite genoemde gebied gebruik word vir sodanige doeleindes rakende die sake van die gebied.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vier-en-twintigste dag van Augustus, Eenduisend Negehonderd Vier-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

P. G. J. KOORNHOF.

PROCLAMATIONS
by the
State President of the Republic of South Africa

No. 148, 1984

KANGWANE.—DECLARATION AS A SELF-GOVERNING TERRITORY

Whereas it is deemed expedient that the area for which the KaNgwane Legislative Assembly has been established under Proclamation R. 214, dated 16 September 1977, shall under the name of KaNgwane be a self-governing territory within the Republic in accordance with the provisions of the National States Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971);

And whereas the said KaNgwane Legislative Assembly has been duly consulted by the Minister of Co-operation and Development as provided in section 26 (1) of the said Act;

And whereas it is deemed expedient to recognize SiSwati as an additional official language of the territory for certain purposes;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section 26 of the National States Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), and section 108 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act 32 of 1961), I hereby declare as follows:

KANGWANE TO BE A SELF-GOVERNING TERRITORY

1. The area described in Schedule I to Proclamation R. 214 of 1977 shall under the name of KaNgwane be a self-governing territory within the Republic of South Africa in accordance with the provisions of the National States Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), with effect from 31 August 1984.

ADDITIONAL OFFICIAL LANGUAGE

2. The SiSwati language shall be recognized—

(a) as an additional official language of KaNgwane; and

(b) for use in KaNgwane for the official purposes prescribed by Proclamation R. 214 of 1977, and may be used outside the said territory for such purposes connected with the affairs of the territory.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-fourth day of August, One thousand Nine hundred and Eighty-four.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. G. J. KOORNHOF.

No. 149, 1984

KANGWANE.—UITLEG VAN SEKERE UITDRUKKINGS IN PROKLAMASIES R. 214, R. 216, R. 217, R. 218 EN R. 219 VAN 1977, R. 2409 VAN 1978 EN HERROEPING VAN PROKLAMASIE R. 215 VAN 1977

Kragtens die bevoegheid my verleen by artikel 25 (1) van die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927)—

(1) verklaar ek hierby dat, met ingang van 31 Augustus 1984, 'n verwysing in Proklamasies R. 214, R. 216, R. 217, R. 218 en R. 219 van 1977 en R. 2409 van 1978, soos gewysig—

(a) na die Uitvoerende Raad, die Hoof-Uitvoerenderaadslid en 'n Uitvoerenderaadslid uitgelê word as 'n verwysing na onderskeidelik die Kabinet, die Hoofminister en 'n Minister; en

(b) na die Direkteur van 'n departement van die KaNgwane regering uitgelê word as 'n verwysing na die Sekretaris van so 'n departement;

(2) herroep ek hierby Proklamasie R. 215 van 1977 in sy geheel met ingang van 31 Augustus 1984.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Agt-en-twintigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Vier-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

P. G. J. KOORNHOF.

No. 149, 1984

KANGWANE.—INTERPRETATION OF CERTAIN EXPRESSIONS IN PROCLAMATIONS R. 214, R. 216, R. 217, R. 218 AND R. 219 OF 1977, R. 2409 OF 1978, AS AMENDED, AND REPEAL OF PROCLAMATION R. 215 OF 1977

Under and by virtue of the powers vested in me by section 25 (1) of the Black Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927)—

(1) I hereby declare that, with effect from 31 August 1984, any reference in Proclamations R. 214, R. 216, R. 217, R. 218 and R. 219 of 1977, and R. 2409 of 1978, as amended—

(a) to the Executive Council, the Chief Executive Councillor and an Executive Councillor shall be construed as a reference to the Cabinet, the Chief Minister and a Minister respectively; and

(b) to the Director of a department of the KaNgwane Government shall be construed as a reference to the Secretary for such department;

(2) I hereby repeal Proclamation R. 215 of 1977 in its entirety with effect from 31 August 1984.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-eighth day of August, One thousand Nine hundred and Eighty-four.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. G. J. KOORNHOF.

INHOUD

No.		*Bladsy No.*	*Staatskoerant No.*
	PROKLAMASIES		
148	Grondwet van die Nasionale State (21/1971): KaNgwane: Verklaring tot selfregerende gebied	1	9408
149	Swart Administrasie Wet (38/1927): KaNgwane: Uitleg van sekere uitdrukkings in Proklamasies R. 214, R. 216, R. 217, R. 218 en R. 219 van 1977, R. 2409 van 1978, en herroeping van Proklamasie R. 215 van 1977	2	9408

CONTENTS

No.		*Page No.*	*Gazette No.*
	PROCLAMATIONS		
148	National States Constitution Act (21/1971): KaNgwane: Declaration of a self-governing territory	1	9408
149	Black Administration Act (38/1927): KaNgwane: Interpretation of certain expressions in Proclamations R. 214, R. 216, R. 217, R. 218 and R. 219 of 1977, R. 2409 of 1978, as amended, and repeal of Proclamation R. 215 of 1977	2	9408

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001